9 APRIL 2021

DRAKIENUUS

SKOOLHOOF:
Mev. E. Neethling (waarnemend)

KANTOOR:
Mev E van der Westhuizen –
FINANSIES & KLEREBANK

Mev E van der Bank –
LEERDERADMINISTRASIE

Me N Heugh -
ALEGEMENE NAVRAE

Tel: 021-872 4975
Epos:
admin@laerskooldrakenstein.coza
Web: www.laerskooldrakenstein.co.za

BANKBESONDERHEDE

Nedbank: 1470052504

Takkode: 147005

Naam van Rekening: Laerskool Drakenstein

Kind se naam, van en graad as verwysing
asseblief

UIT DIE KANTOOR

TROLLIEPROJEK
Dankie aan elke ouer en leerder wat soveel moeite gedoen het met die projek. Ons is ongelooflik dankbaar vir elke bydrae wat ingekom het. Dis met trots dat ons kan aankondig dat ons R51 000 ingesamel het met die projek. Alle trekkings van die trollieprojek sal op 13 April plaasvind.

SKOOLGELD
Aan die einde van die kwartaal moes u alreeds 3 betalings vir die jaar gemaak het t.o.v. skoolgeld. Hou asseblief by die reëling. U het almal onderneem om skoolgelde te betaal toe u u kinders ingeskryf het by ons skool.

FINANSIëLE SEKRETARESSE
Tannie Elise van der Westhuizen verlaat ons skool aan die einde van Mei as finansiële sekretaresse. Tans is die Beheerliggaam besig met ‘n nuwe aanstelling wat amptelik op 1 Junie begin by die skool. Daar is sekere dae en tye in April en Mei wat tannie Elise nie meer by die skool gaan wees nie. Maak ‘n **afspraak** indien u klere wil aankoop of enige betalings wil doen.

BESOEKERS
Ons het al in ‘n paar Drakies deurgegee dat geen besoekers in die skoolgeboue of terrein mag wees nie. Geen kos, klere, take of enige items word ontvang by die kantoor nie. Hierdie is ‘n WETGEWING wat ons met respek hanteer. Op die ou einde gaan dit oor u eie kind se veiligheid.

…….. UIT DIE KANTOOR

PAASEIERPROJEK

Ons projek was uiters suksesvol. Ons doel van die projek was om uit te reik na die gemeenskap. ‘n Besigheid (Dove-begrafnisdiente) in die gemeenskap het tehore gekom van ons projek en ons hand gevat en paaseiers geskenk, tesame met dit wat ons ingesamel het. Die hoofleiers, asook myself en personeel het na 13 behoeftige instansies gegaan waar ons die paaseiers gaan aflewer het. Ons het hoendervleisoomblikke beleef tydens ons aflewering van die paaseiers. Hoofde / bestuurders van die instansies het met trane in hulle oë vir ons bedank vir die gebaar. Die persone wat die paaseiers ontvang het was verstom en het hulle paaseiers so geniet. Baie harte is gelukkig gemaak.
Baie dankie aan almal betrokke. Tannie Nicole en Juffrou Abby wat in beheer was van die projek. Julle is ‘n span duisend.

LIEF EN LEED

Baie geluk tannie Roos met jou verjaarsdag op Vrydag, 16 April. Hoop jy word lekker bederf!

VERJAARSDAE

Baie geluk aan ons maatjies wat verjaar!

12 Apr	Nicah Rhode
13 Apr	Eli du Plessis, Morgan Gaffley, Yaddah de Bruin
14 Apr	Gia Plaatjies, Mikael Truter
15 Apr	Kayson Frans, Zia Julius
16 Apr	Shekinah Horn
17 Apr	Kyle Gelant

WAARDES

-OMGEE-

Ons skool streef daarna om leerders toe te rus met lewensvaardighede wat hulle binne en buite die grense van die skool kan toepas en uitleef. Ons skool se leuse sluit daarby aan: Elke dag ons beste! Gee jou beste en gee om vir jou skoolwerk, dissipline, vriendskaplike verhoudings en ook vir jou onderwysers.

Daar is in alles 'n regte en verkeerde pad... Kies altyd reg. Kies omgee! Gee jou beste elke dag!

INTERSENFASE

Ons is tans volstoom besig met die toetsreeks. Sterkte aan al die leerders met die voorbereiding.
Dankie aan al die kinders wat alreeds hul trolliegelde ingebring het. Ons is trots op julle en waardeer jul moeite.
Hieronder is 'n raaisel. Die vraag is watter koppie sal eerste vol raak as jy koffie uit 'n groot pot ingooi soos op die skets.
Die eerste leerder wat die korrekte antwoord (met die regte bewyse - raaiskote gaan nie werk nie) volgende week vir my kom sê, kan 'n sjokolade kry. - *N Rossouw*



BELANGRIKE DATUMS

MA 12 APR	ISF Netheidskontrole Ouerafsprake Grondslagfase
DI 13 APR	Trollieprojek trekking Grondslagfase netheidskontrole
WO 14 APR	Ouerafsprake Grondslagfase Toetsreeks eindig
DO 15 APR	Ouerafsprake Grondslagfase
VRY 16 APR	GOEIE VRYDAG – PAASNAWEEK

SPORTNUUS

Baie dankie aan al die Drakies wat so getrou hierdie kwartaal sportoefeninge bygewoon het. Ons is baie bly om te hoor dat ons vanaf volgende kwartaal weer normaal kan begin oefen en wedstryde speel soos in die Staatskoerant van 27 Maart 2021 gepubliseer. Ons wil dit net weer beklemtoon dat geen ouers oefeninge of wedstryde mag bywoon nie.

Ons sien uit om almal in die tweede kwartaal by die sportoefeninge te sien.

- Mnr Rian Rautenbach

KLEREDRAG

LO-klere, sweetpak en reënbaadjie kan saamgedra word.

Skoolklere, pullover, trui en reënbaadjie kan saamgedra word.

GEEN ander manier van kombinasies nie.

Die Klerebank

grondslagfase

Baie dankie aan al die ouers vir julle deelname aan die trollieprojek en al die vorms wat getrou ingekom het. Ons waardeer julle samewerking.
Ons is tans besig met ouerbesoeke. Moet asb nie laat kom vir u afspraak nie. Ons werk op 'n stywe skedule. Teken asb. voor by die kantoor in.
Daar is maats wat truie by hulle LO-klere aantrek. Hulle mag net 'n sweetpakbaadjie of reënbaadjie by hulle LO- klere aantrek.



NASORG
Hannepie Smit.
082 403 4171
nasorg@laerskooldrakenstein.co.za